# SARS-DOEANE ONDERSKEP MEER AS 333 KG KOKAÏEN TER WAARDE VAN MEER AS R167 MILJOEN BY OR TAMBO INTERNASIONALE LUGHAWE

**Tshwane, 25 Augustus 2026** - Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) het vandag, deur sy Doeane- en Aksynsafdeling, meer as 333 kg kokaïen onderskep tydens 'n geteikende wetstoepassingsoperasie wat by die OR Tambo Internasionale Lughawe (ORTIA) op 'n vlug vanaf São Paulo, Brasilië uitgevoer is. Die kokaïen het 'n geraamde straatwaarde van R167 miljoen.

Die operasie is gelyktydig op drie kritieke punte in die aankomsproses uitgevoer, naamlik die aflaai van bagasie uit die vliegtuig, die sifting van bagasie van aankomende passasiers en vraginspeksies. Die gekoördineerde optrede vorm deel van SARS se verskerpte pogings om die onwettige beweging van dwelmmiddels en ander verbode goedere deur Suid-Afrika se hawes van binnekoms te bekamp.

Tydens die sifting van bagasie in die internasionale aankomssaal het doeanebeamptes twee stukke bagasie geïdentifiseer met kokaïen in. Altesaam 75 blokke, met 'n gewig van 83,10 kg, is in die tasse gevind. Die saak is dadelik na die Suid-Afrikaanse Polisiediens (SAPD) verwys vir verdere ondersoek en forensiese verwerking, ooreenkomstig hul mandaat.

In 'n afsonderlike verwikkeling het SARS se dwelmsnuffelhond, Lagertha, positief gereageer op vier bokse van dieselfde vlug wat nie op die vragmanifes aangedui was nie. Daar is bevind dat die vrag 250 kg kokaïen bevat. Forensiese spesialiste van die SAPD is na die toneel ontbied om die bewysstukke te beveilig en te verwerk. Die kokaïen wat in die passasiersbagasie én vrag gevind is, het soortgelyke "Air"-handelsmerke gedra.

SARS Kommissaris, dr. Johnstone Makhubu, sê hierdie jongste onderskeppings beklemtoon die doeltreffendheid van SARS se geïntegreerde wetstoepassingsmodel, wat die insameling van inligting, gevorderde data-ontleding, risikoprofilering, tegnologie en die waaksaamheid van doeanebeamptes wat regoor Suid-Afrika se grense ontplooi is, kombineer.

"Hierdie operasie toon dat SARS se vermoë om gesofistikeerde smokkelsindikate op te spoor en te ontwrig, stelselmatig versterk. Die sukses van vandag se wetstoepassingsoptrede is die resultaat van intelligensiegedrewe operasies, die

doeltreffende gebruik van data- en risiko-ontleding, asook die onwrikbare waaksaamheid en nougesetheid van ons doeanebeamptes wat dag en nag werk om Suid-Afrika se grense en ekonomie te beskerm.

“Die gekoördineerde onderskepping van kokaïen uit passasiersbagasie én vrag (wat nie op die vragmanifes aangedui was nie) op dieselfde vlug, toon die waarde van geïntegreerde wetstoepassing.

“Elke suksesvolle beslaglegging help om gemeenskappe teen die verwoestende uitwerking van dwelmhandel te beskerm en versterk die integriteit van wettige handel. Ek bedank graag alle wetstoepassingsagentskappe vir hul samewerking om hierdie dwelmhandel te ontwrig. Ek spreek ook ons waardering uit teenoor ons internasionale vennote vir hul samewerking om transnasionale georganiseerde misdaad te bekamp en Suid-Afrika se grense te beveilig.”

Vir verdere inligting, kontak asseblief SARSMedia@sars.gov.za.

**EINDE**